# DIE LAASTE WOORD

## Afrikaans in krisis

So byna onverwags is Afrikaans in 'n krisis gedompel deur die politieke gebeure van die dag. 'n Hernieude debat oor sy voortbestaan gee jou 'n gevoel van deja-vu, so asof die skimme van die ou taalstryders uit die dowwe verlede herrys.

In die SAUK word Afrikaans sonder slag of stoot van die tafel afgevee ten gunste van Engels; Afrikaanse programme word omgevorm tot sogenaamde multikulturele vermaak. En in staatsbeheerde organisasies soos die RGN en ESKOM waar Afrikaans nog altyd die praktiese voertaal was, word hy prysgegee ter wille van die "gerief" van Engels wat wêreldwyd verstaan word, ter wille van kostebesparings, ter wille van diegene wat nie die juk van 'n obskure, jong Afrikataaltjie wil dra nie.

Vanselfsprekend klink daar meteens stemme van verset op – uit alle oorde: van skrywers, rolprentmakers, kultuurorganisasies en taalindoenas. Akademici sê mekaar die stryd aan in heftige debatte oor die bestaansreg van Afrikaans en oor die metodiek om die taal te beskerm. Hulle raak handgemeen oor Afrikaans op koeldrank- en bierblikke, oor absurditeite.

Maar het die taal nie dalk so 'n krisis nodig nie? Want oor die jare heen is hy amptelik beskerm, in wetgewing en in status. Oor die gebruikers het daar mettertyd 'n gevoel van laissez-faire gekom, 'n ongeëergdheid, 'n onbetrokkenheid.

Afrikaners, soos dit hulle aard is, verskil oor meer as waaroor hulle saamstem. Daar is diegene wat uiteindelik



*Jan Scholtz is 'n bekende skrywer en vervaardiger van Afrikaanse rolprente en TV-produksies.*

maar die taal skouerophalend prysgee, hulle kinders na Engelse skole stuur, verlief neem met die gebeure en Afrikaans saam met die ou vlag en die volkslied begrawe, in kontras met dié wat emosiebelaaide toesprake gaan haal uit die murg en bloed van Afrikanerdom.

Wat is dit omtrent 'n taal wat soveel emosies veroorsaak? Per slot van rekening is dit 'n instrument van kommunikasie, 'n stuk gereedskap, nie 'n doel en 'n heiligdom op sigself nie. Of is dit?

'n Taal is tog nie 'n absolute gegewe nie. Dis nie 'n wiskundige maatlyn wat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

deur eeue heen onveranderd en onveranderbaar bly nie. Hy verander, groei, assimileer met ander tale, ontwikkel vratte en moesies, en soos 'n ongesnoeide struik neem hy dikwels onreëlmatige vorms aan, wilde vorms, maar ook mooi en statige vorms.

Taal is nie 'n monument nie; dis eerder 'n lewende organisme, 'n onskeibare deel van die mens; dis die vergestaltingsmedium van sy gedagtes, sy emosies, sy geloof; dis so wyd soos sy gees, en sy kontak met sy medemens. Dit het uit hom gegroei, en is so deel van hom soos sy bloed en sy vlees: Taal *is* die mens, dis wat hom onderskei van die ander skepsels van die heelal. Sy taal *is* sy gees. Dit maak van hom deel van die menseras, maar onderskei hom ook. Dit verwoord sy persoonlikheid; sy aarde, die kranse om hom, die vlaktes en spruite, die duine, die woede van die natuur. Dis sy lewensaar met alles om hom; daarsonder is hy stom en doof en blind.

Dis sy eie, dit *is* hy. En daarom is die miskenning daarvan 'n miskenning van homself as mens. Daarom die geweldige reaksie; as jy jou taal afsweer, dan het jy jou vervreem van jou verlede en bloed – jy het die wortels wat die boom voed, verwoes.

En soos alles in die natuur sy eie aard het, so het die mens dit ook. 'n Soetdoring wil tog nie 'n wilg wees, of 'n lelie 'n bergprotea nie.

Daarom, vermoed ek, is die tafel gedek vir nog 'n taalstryd, maar watter gestalte dit gaan aanneem, is onduidelik. Wat Afrikaans egter enersyds verloor het met die verlies aan amptelike beskerming, wen hy omdat hy die dwangbuis van die Afrikanerpolitiek en kultuur afgeskud het, omdat hy nou onbetwis opgeëis word deur alle Afrikaanssprekendes, wat hulle eie bydrae te maak het om die boom helderder en groter te laat blom.

Die taal sal nie verdwyn nie, maar hy sal verander en groei; ryker en sterker word, met of sonder amptelike sanksies. Die taal sal bevry word van die dwangbuis van puriste en politici, losgemaak van die oorheersing deur Christelik Nasionale moralistiese etiek, en terugkeer na die volk waaruit hy kom. Hy sal herinbesit geneem word in die strate van Coronationville, die Maleierbuurt en Diepkloof; herleef in 'n vryer, oper letterkunde, op verhoë en in sjebeens, en die stagnasie van dekades van hom afskud.

Dis die vraag: is die gewone konserwatiewe wit Afrikaner gereed vir hierdie taalrewolusie?

**Jan Scholtz**



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).